21 April 2024

# genoot
## N.G Rustenburg-Suid

**Landlyn:** 014 592 2419 | **Selfoon:** 071 436 0102 | **E-pos:** ngrbsuid@gmail.com
**Kantoorure:** 08:00 – 13:00 | **FB:** ngkerkrustenburgsuid | **Webblad:** www.ngrustenburgsuid.co.za

**Bankbesonderhede:** ABSA, Tjekrekening: 1220580128, Takkode: 632005 (Vir deposito's: EFT/kontant)
(**Kruisgenoot:** *Registreer op die kerk se webblad om die Kruisgenoot per e-pos te ontvang.)*

**Sondag, 21 April 2024:**
*09:00 Erediens:* **Ds. H. De la Guerre**
**Kategese**
Alle projekspanne

***Tee: B-wyk*** *- Dankie*
Kom drink saam tee/koffie in die saal!!

**Woensdag, 24 April 2024:**
09:00 Bybelstudie ... Almal welkom!
Kom deel die woord saam met ons!

**Sondag, 28 April 2024:**
*09:00 Erediens:* **Ds. B. Boshoff**
**Kategese**
Alle projekspanne

***Tee: C-wyk*** *- Dankie*
Kom drink saam tee/koffie in die saal!!

**Woensdag, 1 Mei 2024:**
Geen Bybelstudie (Werkersdag)

# KOM ONS BID VIR:

| SIEK / HOSPITAAL | |
|---|---|
| Bessie en Hansie Ströh | Freddie Alberts |
| Jacolien Teessen | Marie Nel |
| Jac en Gerda v.d. Bergh | Pieter Sevenhuyzen |
| Lienke Venter | David J van Vuuren |
| Annatjie Smuts | Pieter de Wet |
| Wimpie Espach | Johan Mans |
| Santie de Wet | Ds. J. du Plessis |

*Laat weet ons asb. as ons u naam op ons lys mag plaas of afhaal*






Ons is baie bly om te laat weet dat Ds. Driaan Britz die beroep na ons gemeente aanvaar het.




| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 22 April | Deandrè Campher | 24 April | Kitty Havenga | 26 April | Christa Louw |
| 22 April | Elfranko Malan | 25 April | Keasha Willemse | 27 April | PG Bekker |
| 22 April | Jaques Potgieter | 26 April | Marise Fourie | 27 April | Koos Beneke |
| 22 April | Fanie Smit | 26 April | Abigail Grobler | | |

## BLOMBEURTE:

Neem asseblief die vrymoedigheid om 'n blom of selfs 'n plant voor in kerk te plaas op 'n Sondag?
Stuur asseblief jou naam en datum deur na kerkkantoor.
*(indien jy spesifieke datum het)*





## Dankbaarheidshouer:

'n Paar jaar gelede het ons met die houer as 'n "Verjaarsdaghouer" begin, toe verander dit na **"Dankbaarheidshouer"**. Dit gee **groter betekenis aan die houer!** Dink net aan: **hoe geseënd is ons**, die reën, gesondheid, nuwe baba, verjaarsdag so kan ons baie opnoem. Jy kan bv. 'n R1-00 vir *elke jaar* wat jy gespaar is ingooi of vir *elke kleinkind*. **Ons almal het iets waarvoor ons dankbaar is.** *Die inhoud van die houer word aangewend tot uitbreiding van God se koninkryk.*

## **Besoeke:**

Indien u of ‘n geliefde ‘n tuisbesoek of hospitaalbesoek van ‘n leraar verlang...
*Skakel gerus die kerkkantoor.*



## **Uitreik:**

Soms het lidmate vervoer probleme om by kerk byeenkomste uit te kom.
Indien jy wil help, gee jou naam deur aan kantoor.
Indien jy vervoer probleme het, gee ook asb. jou naam deur...



**Onthou in ons voorportaal is boeke wat GRATIS geneem kan word!**



Die Noordelike Sinode se fokus vir die jaar word verbeeld in hierdie logo:

# DEERNIS – BEGRIP – WAARDERING

Hierdie drie kernwoorde, **Deernis, Begrip En Waardering**,
verwoord op 'n besondere manier die
Noordelike Sinode se fokus vir hierdie jaar.

## DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS

Die Tweede Deel: *Die verlossing van die mens*

### Sondag 16

Vraag 40: Waarom was dit noodsaaklik dat Christus Hom tot in die dood toe verneder het?

Antwoord: Weens die geregtigheid en waarheid van God (a) kon nie anders as deur die dood van die Seun van God vir ons sondes betaal word nie (b). (a) Gen 2:17. (b) Rom 8:3, 4; Heb 2:14, 15.

Vraag 41: Waarom is Hy begrawe?

Antwoord: Om daarmee die versekering te gee dat Hy werklik gesterf het (a).
(a) Hand 13:29; Matt 27:59, 60; Luk 23:53; Joh 19:38.

Vraag 42: As Christus dan vir ons gesterf het, waarom moet ons ook nog sterwe?

Antwoord: Ons dood is nie 'n betaling vir ons sondes nie (a), maar slegs 'n afsterwe van die sondes en 'n deurgang tot die ewige lewe (b). (a) Mark 8:37; Ps 49:8. (b) Fil 1:23; Joh 5:24; Rom 7:24.

Vraag 43: Watter nut verkry ons nog verder uit die offer en dood van Christus aan die kruis?

Antwoord: Deur sy krag word ons ou mens saam met Hom gekruisig, gedood en begrawe (a). Gevolglik kan ons sondige begeertes nie meer oor ons heers nie, (b) maar kan ons onsself as 'n dankoffer aan Hom toewy (c). (a) Rom 6:6. (b) Rom 6:6, 12. (c) Rom 12:1.

Vraag 44: Waarom volg daar: en neergedaal het na die hel?

Antwoord: Sodat ek in my swaarste aanvegtinge verseker kan wees en myself volkome kan vertroos dat my Here Jesus Christus my van die hel se benoudheid en pyn verlos het (a). Hierdie verlossing het Hy bewerk deur sy onuitspreeklike angs, smarte en verskrikking (b) wat Hy ook aan sy siel deur sy hele lewe, maar veral aan die kruis gely het. (a) Jes 53:5. (b) Ps 18:5, 6; 116:3; Matt 26:38; 27:46; Heb 5:7



**Uitnodiging van Saamspan: Almal 55 jaar en ouer:**

Kom kuier saam!!! **Dinsdag 23ste April om 09:00**.
*Daarna elke 2de en 4de Dinsdag van die maand.*

Bring al jou vriende saam!

***Waar:*** Gereformeerde Kerk Wes Gemeente,
Klopperstraat 260
Rustenburg